

22 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus: 24:3-14
Fokusgedeelte: Matteus 24:10-12

Die verdorwe wêreld waarin ons leef en getuig

Wrede wolwe en hartverskeurende ellende is erg genoeg, maar die geestelike verval waarteen ons in hierdie gedeelte gewaarsku word, is niks minder nie as skrikwekkend. Baie mense sal van die geloof afvallig word, valse profete sal talle mislei en die liefde sal verkoel, omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, het Jesus Christus gesê. Dit is die wêreld waarin ons vandag leef en waarin ons moet getuig. Krimpemde lidmaatgetalle en afbrekende kommentaar in briewekolomme van dagblaaie is maar enkele tekens dat die kerk toenemend die rug toegekeer word. Die gesag en boodskap van die Bybel word deur talle mense, selfs deur bekende teoloë, bevraagteken en verdag gemaak. Misleiding deur valse profete en dwaalleraars verhaas die verval. En asof dit nie genoeg is nie, het die minagting van die wet van God al so alledaags geword dat ons daaraan gewoon begin raak het en dit dikwels nie eers meer raaksien nie. Die misbruik van God se Naam in rolprente en die verval van die huwelik as instelling van God is maar enkele voorbeelde daarvan.

Die onvermydelike gevolg van dit alles is dat die liefde by baie verkoel het. As jy die liefde bly vertrap, is daar uiteindelik geen liefde meer nie.

Dit is om van moedeloos te word. Jesus Christus het dit egter baie beslis nie vir ons gesê om ons moedeloos te maak nie. Nee, dit is veel eerder 'n wekroep om erns te maak met die uitdra van die evangelie, om moue op te rol en aan die werk te spring. Begin vandag nog en doen wat jy kan doen met die gawes en die middele wat die Here aan jou gegee het. As jy nie kan praat nie, moet jou dade jou woorde wees. Daar sal immers eers 'n einde aan dit alles kom wanneer die evangelie aan al die nasies verkondig is en die getal van God se kinders vol geword het.

Sing: Psalm 1:1 (1936)

Ds. CJH Breed (Secunda)